





VOORLOPIGE PROGRAM 2014 REüNIE

Donderdag, Vrydag, Saterdag en Sondag

VOORLOPIGE PROGRAM 2014

DV naweek van 4, 5 en 6 Julie 2014 in Windhoek.

**Donderdagaand, 3 Julie 2014** – informele kuier by Bauernstube saam met ouens wat dan reeds in Windhoek is. Dis vir elkeen se eie rekening; ons sal plek bespreek sodra ons weet hoeveel mense belangstel.

**Vrydagoggend, 4 Julie 2014** – skoolbesoek; kort toer deur Windhoek met skoolbus; ligte verversings by skool; besoek skoolkoshuise. Dit sal gereëI word in samewerking met Bianca Koll wat my en Theo met ons besoek aan WHS begroet het met "Goeiemore, en watter kind se ouers is julle?"

**Vrydagaand by Arebbusch** – Verwelkomingsdrankies. Vingerete. Verwelkoming en ander formaliteite. Daarna kuier en gesels.

**Saterdagoggend, 5 Julie 2014** - los vir inkopies, bywoon van skoolsport en eie kuiers.

**Saterdagmiddag/aand** by Arebbusch - informele party met musiek (DJ) en spitbraai.

**Sondagoggend, 6 Julie 2014** - erediens Windhoek-Oos gemeente met koffie en tee in die kerksaal na die tyd terwyl ons groet.

*Die basiese goed is opgeklaar en ek is besig om kwotasies wat vir 2014 gaan geld, aan te vra en sal die koste vir die reünie self saam met 'n vraelys vroeg in Oktober uitstuur.*

# WINDHOEK HOëRSKOOL

1974

Reünie 2014



# NUUSBRIEF 8

Oktober 2013

www.whs1974.co.za

STAALTJIES

**SAM vd BERG**

STAALTJIES

Na die matriek eksamen het ons en Etienne Myburg die pad gevat Henties toe met Jacob se Mini. Op pad tussen Usakos en Swakop kom die uitlaatpyp by die manifold los. Geen probleem, diè word afgehaal en langs die draad gelos sodat dit weer opgelaai kan word op pad terug. Ons is verder met die "brullende" Mini. Laataand kom ons by die kus aan en ons besluit om tussen die bosse langs die lagune te slaap. Ten minste het ek geslaap, Etienne en Jacob het besluit om tusen die bosse met die Mini rally te ry. Op 'n stadium het ek gehoor die mini se revs klim (tipies soos 'n kar wat deur die lug trek) en toe doodse stilte. Die volgende oggend toe ek wakker word staan die Mini halpad in die lagune in. Van die wal (seker 'n meter hoog) af in die water in "geramp". Hulle het blykbaar nie die lagune gesien nie. **Oor die res van die vakansie sal ek eerder stilbly ter wille van sensitiewe lesers**. Of miskien kan ek later meer van die storie uitlap.

**BARTLE RAUTENBACH**

Ja, Juffrou Friescbutter (Me Haacke) was my "favourite" Engels onderwyseres – 'n bietjie vriendeliker as Miss Meyer en heelwat mooier.

Ek en Heinz Schmidt (beste vriend, oorlede in 1981) se Engelse huiswerk was nie altyd gedoen soos dit hoort nie. Ons het dan 5 minute nadat die klas al begin het, nog steeds na ons boeke in ons koffers gesoek. Altyd dieselfde verskonings gehad – hy het sy opstelboek by die perdestalle vergeet en ek ook, of my hond het my begripstoetsboek weggesteek en sy hond syne ook.

Op 'n dag het sy ons na klas agtergehou en 'n vrou se gemeenste truuk getrek – begin huil! Ons het so sleg gevoel dat ons huiswerk van toe af altyd gedoen en die boeke eerste uit die tasse was. (Ek het darem al teen hierdie tyd die skuldgevoel so effens verwerk en vermoed sy het lekker in haar mou gelag toe ons daardie dag by die klaskamer uit is! Sal volgende jaar vir haar vra.)



# AFRIKANERS!!!

Afrikaans Graad 8
**Maak 'n sin met "ter aarde bestel"**
- *Wie op ter aarde bestel so 'n groot koek?*

Wiskunde Graad 9
**Gee die formule om die oppervlakte van 'n sirkel te bepaal.**
- *Paai straal kordaat.*

Aardrykskunde Graad 10
**Hoe het berge ontstaan?**
- *Deur baie sterk winde.*

Rekenaarstudie Graad 12
**Waarom moet rekenaargebruikers gereeld rugsteunkopiee maak?**
- *Sodat hulle nie rugpyn kry nie.*

Geskiedenis Graad 11
**In watter jaar het Suid-Afrika 'n unie geword?**
*Ek weet nie meneer. Maar 'n geseende Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar vir meneer en meneer se gesin.*

**Afrikaans**
**Voltooi: Hoe kaler jonker...**
- *Hoe stouter indie donker.*

Wiskunde Graad 8
**Wat is regoorstaande hoeke?**
- *Dit is hoeke wat vir mekaar kyk.*

Geskiedenis Graad 8
**Waarom is die Mona Lisa-skildery so baie werd?**
- *Omdat sy so 'n mooi vrou was.*

Bybelkunde Graad 8
**Waar het die koning van Israel twee afgodsbeelde laat oprig?**
- *In Jerusalem en Gauteng.*

**As kinders nog te klein is om pille te sluk, hoe kan 'n mens vir hulle medisyne ingee?**
- *Tepelsgewys. (teelepelsgewys)*



Snacktyd vir die rugby

**Wat is 'n vlieende piering?**
- *'n Ding soos hierdie: O*

**Waar word sykouse vervaardig?**
- *By Pep Stors.*

**Waarom is die seun in die verhaal gestraf?**
- *Omdat hy sy eie virgin van die volkslied gesing het.*

**Noem drie soorte grafiese rekenaarpakkette wat'n mens kry.**
- *Reghoekiges, rondes en langwerpiges.*

**Noem die vier seisoene.**

- *Sout, peper, mosterd en asyn.*

**Hoe word dou gevorm?**
- *Die son skyn op die blare en dan sweet hulle.*

**Wat veroorsaak getye in die see?**
- *Die getye is 'n geveg tussen die aarde en die maan. Al die water wil na die maan vloei, want daar is nie water op die maan nie. Ek het vergeet waar die son in die geveg inkom.*

**Watter waarborge kan 'n bank vereis as hulle 'n huisverband toestaan?**
- *As jy 'n huis koop, kan hulle aandring dat jy goed geerf het.*

**Hoe belangrik is eleksies in 'n demokratiese samelewing?**
- *Baie belangrik. Voortplanting kan slegs gebeur as 'n man 'n eleksie het.*

**Wat is 'n terminale siekte?**
- *As jy op die lughawe siek word.*

9 JULIE 2013
Stone Cradle, Rietvlei Natuurreservaat, Centurion



Mariana Gerber Viljoen, Sophia en Jaco Gouws





AGTER: Willa Smit 10C, **Mariana Gerber Viljoen 10B**, Jaco Gouws 10B, **Neels Coetzee**, Cobus Oosthuizen 10F,
MIDDEL: **Marlene Malherbe 10F**, Iris von Hatten 10C, **Jakkals Pretorius 10A**,
VOOR: Japie Schreuder 10E



Iris von Hatten en Mariana Gerber Viljoen

Marlene en Wilma



Mascot van 2014 reunie??





Jakkals, Japie, Neels

Ai Japie…tog nie voor almal nie…



"Photographers are violent people. First they frame you, then they shoot you, then they hang you on the wall."


- Anonymous

Japie en Andre van Niekerk?



Ben Horn, Marlene Malherbe, Andrė Louw














"There are better ways to log off."








"How shall I torture you today? Put you on the rack? Boil you in oil? Make you call a technical support line?"



"THIS COMPUTER IS EQUIPPED WITH AN AIRBAG IN CASE YOU FALL ASLEEP!"















'N SKOOLHOOF SE SPESERYE

Bron: ***Die vlieënde Ovambo en ander verhale van ou Suidwes*** deur ET Meyer. Met dank aan Cobus Oosthuizen vir hierdie bydrae.

Tydens die pioniersjare in Suidwes was 'n skoolhoof se "spyskaart" soms gegeur met allerhande speserye – 'n welkome afwisseling in die eentonige sleur van administratiewe pligte.

In daardie jare het skole nog nie rekenaars en ander soortgelyke fasiliteite gehad nie. Klerklike hulp, indien enige, was tot die minimum beperk. Die skoolhoof en sy adjunk, as daar een was, het gevolglik 'n groot werklas gehad, onder meer met die skoolafsluiting aan die einde van die jaar.

Die Hoërskool Windhoek was die eerste hoërskool in Suidwes. Dit het in 1917 as 'n klein skooltjie in Leutweinstraat begin en daarna tot die grootste hoërskool in die land ontwikkel.

November, baie jare gelede, was dit weer eksamentyd. Almal het teen tyd gejaag, want daar was nog soveel wat binne 'n dag afgehandel moes word; puntestate, skedules en rapporte moes afgerond en lokale moes opgeruim word. Almal, van skoolhof tot die skoonmakers, was haastig om met vakansie te gaan.


Die adjunkhoof Piet Scholtz was bekend as 'n haastige, ywerige en bekwame onderwysman. Hy was die betrokke dag besig om die eksamenpunte in te samel. Omdat sommige van die onderwysers getalm het met die inhandiging van punte, het hy van klaskamer tot klaskamer geloop om die puntestate bymekaar te kry.

Op die personeel was 'n onderwyseressie wat geseën was met 'n goeie humorsin; een van dié soort mense wat daarop bedag was om sonskyn in die onderwysberoep te bring. Dollie was haar naam.

Toe Piet Scholtz haastig om die hoek kom, het Dollie van die ander kant af om die hoek gekom en byna teen hom vasgeloop.

"Juffrou," het Piet gevra, "het u enige uitstaande punte?" Ja, meneer Scholtz," was haar vinnige antwoord. "Ek het twee. Wil u dit miskien sien?"






## E-POSADRES

Enige inligting tot julle beskikking oor WHS, onderwysers, leerlinge, staaltjies ens sal waardeer word.

Stuur asseblief vir marianav@provectus.co.za

## LIEDJIES

| | |
|---|---|
| Da da da | Trio (SPESIAAL VIR COBUS OOSTHUIZEN) |
| Brown Eyes | Chris Andrews |
| Congratulations | Cliff Richard |
| Daughter of Darkness | Tom Jones |
| Eloise | Barry Ryan |
| Why Me | Kris Kristofferson |
| What am I Living for | Percy Sledge |
| The most Beautiful Girl | Charlie Pride |
| Tears of a Clown | Smokey Robison |
| Sentimental Friend | Hermans Hermits |

## OORLEDENES

| | |
|---|---|
| 10A | Gerda Wessels, Mathilda Oosthuizen |
| 10B | Diederik Opperman |
| 10C | Susan Schrader |
| 10F | Estelle van der Walt |
| 10F | Gideon Obbes |
| 10F | Madele Venter |
| 10C | Piet Taljaard |
| 10B | Manfred Binding |
| 10E | Elke Bender |



P.O. Box 1974
Windhoek
3 March 1975

Dear Theo

This is a very hurried note so you will have to excuse the scrawl.

I am very busy at school this year as I unfortunately have to take Mr. Botha's Matrics — all 102 of them. So you can guess I have almost twice the amount of work I had last year when I had 56 pupils.

You may not believe it, but I do miss you people, in spite of all our fighting!

Did you hear how badly the WNB's did this year? We came last, die Kannie-doods were second and Swartbaak topped the list. Kanniedood won the singing cup & the best cheerleader.

The address of Rochelle (and Elga) is as follows

Huis Klaradyn
Suidstraat
Hatfield
Pretoria
0002.

The telephone number is 012 (Pretoria) 747132.

Mrs Esterhuizen says both girls are working very hard.

Are there quite a number of our WHS gentlemen at Walvis?

If there are any of my "angels" there please give them my love and as they say on the radio "Vas byt, min dae, baie lewe!" or is it the other way round?

I am sorry I took such a long time answering, but I only just managed to get the address.

When you come to Windhoek, I should love to give you some coffee!

Look after yourself — en moenie te hard werk nie.

Yours sincerely

Miss Heyl



Interessant dat die posbusnommer **1974** is / was

***"Pardon the interruption kind sir, and I'm most awfully sorry to bother you, but would you mind terribly if I asked you - in the gentlest and friendliest terms, - whether you might consent to consider yourself under arrest?"***

